

'n Kognitiewe gebruiksebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika

Gerhard B van Huyssteen

Centre for Text Technology, North-West University (Potchefstroom Campus), Potchefstroom 2531,
South Africa

e-mail: ntlgbvh@puk.ac.za

Abstract: In this article, aspects of a cognitive usage-based descriptive framework for Afrikaans grammar are spelled out in detail, with the aim of setting the agenda for the description of Afrikaans morphological (and other) constructions. Constructs and terms from cognitive grammar that are necessary for the description of such constructions are explicated and illustrated, using examples from Afrikaans morphology. With regard to composition, it is shown that the question 'How is a certain construction formed?' must be answered, with specific reference to correspondence, profile determinacy, conceptual and phonological autonomy and dependence, and constituency. It is argued that the essential question that must be answered pertaining to categorisation is the question: 'What does the categorisation network of the construction look like?'. For this purpose, the categorisation network of a certain construction must be postulated. Subsequently, it is illustrated that the question 'Can a construction schema or sub-schemas be extracted from the categorisation network?' should be answered, referring to the generality and productivity of the construction schema. Lastly, it is shown that the question 'How entrenched is the construction schema?' should be answered, using two criteria: centrality and linguistic importance. This article is concluded with a working strategy, which can be seen as a programmatic, 'step-by-step' model for the description of grammatical constructions.

Abstrak: In hierdie artikel word gedetailleerde aspekte van 'n kognitiewe gebruiksebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika uiteengesit, met die doel om die agenda vas te stel en te omskryf waarvolgens Afrikaanse morfologiese (en ander) konstruksies beskryf kan word. Konstrukte en terme uit die kognitiewe grammatika wat nodig is vir die beskrywing van sodanige grammatikale konstruksies word geëkspliseer, en aan die hand van voorbeelde uit die Afrikaanse morfologie geïllustreer. Daar word aangetoon dat, met betrekking tot komposisie, die vraag 'Hoe word 'n bepaalde konstruksie gevorm?' beantwoord moet word, en wel aan die hand van ooreenkoms, konstruksieprofielering, konseptuele en fonologiese afhanklikheid en onafhanklikheid, en konstituering. Daar word verder geargumenteer dat die essensiële vraag wat beantwoord moet word met betrekking tot kategorisering, soos volg gestel kan word: 'Hoe lyk die kategoriseringsnetwerk van die konstruksie?'. Vir dié doel moet 'n kategoriseringsnetwerk vir 'n bepaalde konstruksie gepostuleer word. Daarna word gewys dat die vraag 'Kan 'n konstruksieskema of subkonstruksieskemas geëkstraheer word uit die kategoriseringsnetwerk?' beantwoord moet word, en wel aan die hand van die algemeenheid en produktiwiteit van die konstruksieskema. Met betrekking tot vestiging word gewys dat gevra moet word 'Tot watter mate is die konstruksieskema gevestig?', en dan beantwoord moet word aan die hand van twee kriteria, te wete sentraliteit en linguïstiese belangrikheid. Die artikel word afgesluit met die formulering van 'n werkstrategie, wat ook gesien kan word as 'n programmatiese, 'stap-vir-stap' model vir die beskrywing van grammatikale konstruksies.

Let wel: vierkantige hakies word gebruik om gekonvensionaliseerde eenhede aan te dui, terwyl ongekende strukture met ronde hakies aangedui word.

Inleiding

Ten einde 'n deeglike, teoreties-gefundeerde beskrywing van 'n taal se grammatikale strukture en fenomene te kan gee, kan dit as

vereiste gestel word om (1) die teoretiese vooronderstellings van sodanige beskrywing, en (2) die konstrunkte en strategieë wat gebruik

word in sodanige beskrywing, te ekspliseer.¹ In Van Huyssteen (2002) het ek omvattend aandag geskenk aan die teoretiese vooronderstellings van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel ('cognitive usage-based model') vir die Afrikaanse grammatika. In hierdie artikel wil ek dus aandag gee aan die tweede vereiste, naamlik om 'n werkstrategie vir taalkundige beskrywing te gee vanuit 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel; terselfdertyd word konstruksies en terme wat nodig is vir die beskrywing van grammatikale konstruksies geëkspliseer, en aan die hand van voorbeelde uit die Afrikaanse morfologie geïllustreer.

In die eerste afdeling word 'n bondige oorsig gegee oor wat presies bedoel word met 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel. Daarna word vier van die vyf algemene kognitiewe prosesse in terme waarvan taalstrukture beskryf kan word, bespreek, te wete komposisie ('composition'), kategorisering ('categorisation'), skematisering ('schematisation') en vestiging ('entrenchment'). Ten slotte word 'n werkstrategie geformuleer, wat ook gesien kan word as 'n programmatiese, 'stap-vir-stap' model vir die beskrywing van grammatikale konstruksies.

Binne die omvang van hierdie artikel word slegs aandag gegee aan enkele aspekte van hierdie beskrywingsraamwerk; om aandag te gee aan alle aspekte sou veels te omvattend wees om binne die bestek van 'n artikel soos hierdie te verdiskonteer (vergelyk byvoorbeeld die twee omvangryke bundels van Langacker (1987) en (1991a), wat gesamentlik meer as 1 100 bladsye beslaan; vir 'n meer uitgebreide beskrywing van hierdie beskrywingsmodel in Afrikaans, sien Van Huyssteen (2000)). Hoewel gepoog word om 'n geïntegreerde en 'werkbare' beskrywingsraamwerk voor te stel, moet daar tog 'n seleksie uit die totale bestek van metodes, meganismes en beskrywingskonstruksies van die kognitiewe grammatika gemaak word. Die seleksiekriteria vir aspekte wat in hierdie artikel aan die bod kom, is gerig op die beskrywing van grammatikale (spesifiek morfologiese) konstruksies in Afrikaans.

Hoewel daar deurgaans gebruikgemaak word van voorbeelde van Afrikaanse morfologiese konstruksies om konsepte te illustreer, is hierdie model uiteraard nie slegs beperk tot (1) Afrikaans, en (2) morfologiese konstruksies nie,

maar is dit ook op ander tale en ook op groter of kleiner taaleenhede as morfologiese konstruksies van toepassing. Die ryk en omvattende kognitiewelinguistiek-literatuur dien ter illustrasie. Boonop het hierdie artikel geen pretensies om besondere nuwe insigte in die Afrikaanse morfologie te bied nie (dit word gelaat vir verdere navorsing en ander artikels), maar eerder om die teoretiese grondslae van die beskrywingsmodel in Afrikaans toeganklik te maak; voorbeelde word dus slegs gebruik ter illustrasie van teoretiese konsepte en word nie verder in diepte geanaliseer nie. As sodanig lê die bydrae van hierdie artikel dus eerder in die Afrikaanse teoretiese taalkunde, as in die Afrikaanse beskrywende taalkunde.

'n Kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel

Aangesien daar in Kognitiewe Linguistiek van die teoretiese vooronderstelling uitgegaan word dat taal integraal deel is van menslike kennis (vergelyk Van Huyssteen, 2002), hou sodanige siening onder andere in dat taalstruktuur gekarakteriseer moet word deur slegs te steun op mentale vermoëns en fenomene wat óf algemeen bekend óf maklik demonstreerbaar is (Langacker, 1998: 2). Indien hierdie strategie gevolg word, word nie net 'n adekwate, psigologies reële beskrywing van taaldata gegee nie, maar verkry die beskrywing per definisie verklarende krag. Sodanige beskrywingsmodel (wat gestruktureer word op grond van enkele basiese kognitiewe meganismes wat werkbaar is in alle domeine van taal) bied boonop aan die taalkundige die geleentheid om 'n beskrywing te gee wat konseptueel een-vormig is.

In aansluiting by Langacker (1999a) het ek (Van Huyssteen, 2000; 2002) uitvoerig aange-ton dat simbolisering ('symbolisation', as 'n spesiale geval van assosiasie of 'association'), komposisie ('composition'), kategorisering ('categorisation', as 'n spesiale geval van vergelyking of 'comparison'), skematisering ('schematisation', as 'n spesiale geval van abstrahering of 'abstraction') en vestiging ('entrenchment') die algemene kognitiewe prosesse is in terme waarvan taal beskryf moet/kan word. Wanneer ons 'n beskrywing van 'n gebruiksepisode ('usage event') wil doen, moet ons dus ten minste aan elk van hierdie vyf kognitiewe vermoëns aandag gee. Die uitsondering van hierdie vyf kognitiewe vermoëns

impliseer nie dat dit die enigste kognitiewe aktiwiteit is wat plaasvind tydens taalgebruik nie. Inteendeel, die uitgangspunt is juis dat die volle kompleksiteit van menslike kognisie aktief is in taalgebruik. Die vermoëns wat in hierdie model verreken word, word egter gesien as die essensiële psigologiese fenomene wat betrokke is tydens taalgebruik.

Ons wil binne hierdie gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel poog om simboliese strukture ('symbolic structures') te beskryf, d.i. strukture wat die semiologiese funksie van taal vervul deurdat dit 'n bepaalde semantiese en fonologiese waarde het. Representasies van taalkundige kennis word dus voorgestel as projeksies ('mappings' — d.i. tweerigtingassosiasies) tussen 'n bepaalde vorm (die fonologiese pool) en 'n betekenis (die semantiese pool). So byvoorbeeld word die vorm [hond] en die konsep HOND met mekaar geassosieer, sodat ons kennis van die woord 'hond' soos volg voorgestel kan word: [HOND/hond].

Die simboliese strukture wat volgens Langacker (1999b: 13–14) toegelaat word vir beskrywing is:

- strukture wat direk in die data figureer (met ander woorde werklike uitdrukkings en hulle onderdele, soos byvoorbeeld woorde of sinne)
- strukture wat te voorskyn kom uit die data via die basiese kognitiewe prosesse van skematisering en kategorisering (met ander woorde die skematiese simboliese monterings waaruit die grammatika van 'n taal bestaan, soos byvoorbeeld grammatikale konstruksies of 'grammatical constructions')

Oor die algemeen is taalkundiges minder geïnteresseerd in linguistiese uitdrukkings *per se* as in die patrone en reëlmatighede wat die uitdrukkings instansieer (Langacker, 1998: 13). Daarom ook dat die fokus in hierdie beskrywingsmodel meer gerig is op die tweede tipe struktuur, naamlik die beskrywing van grammatikale (spesifiek morfologiese) konstruksies en konstruksieskemas ('constructional schemas') in Afrikaans.

Binne hierdie raamwerk word 'n konstruksie ('construction') gesien as 'n vormbetekenispaar [x/X], waar geen aspek van [x] of [X] voorspelbaar is uit die vormbetekenispaar se onderdele nie (Goldberg, 1995: 4). In die eenvoudigste vorm kan ons sê dat 'n woord soos 'sein' (d.i. die vormbetekenispaar [sein/

VASGESTELDE TEKEN]) 'n konstruksie is, aangesien geen aspek van [sein] of [VASGESTELDE TEKEN] voorspelbaar is uit die onderdele (byvoorbeeld [s], [e], [i] en [n]) nie.

Voortspruitend uit hierdie beskouing van 'n konstruksie kan 'n grammatikale konstruksie dan gedefinieer word as 'n komplekse simboliese struktuur (d.i. bestaande uit twee of meer strukture) wat gevorm word deur die sintagmatiese kombinerings van morfeme en/of groter uitdrukkings (Langacker, 1987: 82, 489), en kan gekarakteriseer word as die montering van 'n stel komponentstrukture ('component structures'), die wyse van komposisie van hierdie komponentstrukture, en die komposisiestruktuur ('composite structure') wat sodanig gevorm word. Die term 'grammatikale konstruksie' word dan gebruik om na hierdie hele ensemble te verwys: die komponentstrukture, die wyse van komposisie/integrasie en die resulterende komposisiestruktuur (Langacker, 1987: 277).

Die komplekse woord 'seingranaat' (d.i. [seingranaat/HANDBOM WAARMEE VASGESTELDE TEKENS GESTUUR WORD]) kan dan gesien word as 'n grammatikale konstruksie, aangesien die komposisiestruktuur gevorm word deur die sintagmatiese kombinerings van [sein/VASGESTELDE TEKEN] en [granaat/HANDBOM], sonder dat die betekenis voorspelbaar is uit die onderdele (vergelyk daarteenoor byvoorbeeld [seinman/PERSOON WAT SEINE STUUR], wat nie beteken [PERSOON WAARMEE VASGESTELDE TEKENS GESTUUR WORD] nie, maar liever [PERSOON WAT VASGESTELDE TEKENS STUUR]). Reëlmatighede in die vorming van grammatikale konstruksies word in die grammatika as konstruksieskemas voorgestel (Langacker, 1987: 82; vergelyk die afdeling 'Skematisering' hieronder).

Aangesien van die veronderstelling uitgegaan word dat die betekenis van 'n komplekse eenheid (byvoorbeeld 'n morfologiese komplekse woord) nie streng voorspelbaar is op grond van die betekenis van die dele (byvoorbeeld die woorddele) nie, kan die konstrueringspatroon ('construal pattern') self ook bydra tot die konseptualisering van die komplekse eenheid. Dink byvoorbeeld aan [seinlig/LIG OM SEINE TE GEE] teenoor [ligsein/SEIN DEUR MIDDEL VAN LIG], waar die volgorde van konstruering (d.i. eers [sein] en dan [lig], of andersom) bepalend is vir die betekenis van die komposisiestruktuur.

Op grond hiervan kan ons sê dat morfologiese en sintaktiese patrone onlos-maaklik verbind is aan betekenis, en dat grammatikale oordele juis beïnvloed word deur semantiese en pragmatiese faktore. Die interpretasie en aanvaarbaarheid van 'n uitdrukking (soos byvoorbeeld 'ligsein' en 'seinlig') berus dus nie net op welgevoemdheidsvoorwaardes nie, maar ook op die struktuur van die taalgebruiker se konseptuele ontologie, asook die situasionele en diskoerskonteks.

In hierdie artikel word dus nie klem geplaas op die proses van simbolisering nie (aangesien die data wat bestudeer word per definisie simboliese strukture is; sien Van Huyssteen (2002)), maar eerder op:

- die verhoudings van komposisie in 'n grammatikale konstruksie
- die verhoudings van kategorisering in 'n grammatikale konstruksie
- die verskillende vlakke van abstrahering (skematisering of 'schematisation' en prototipisering of 'prototypisation'; vergelyk Seiler (1993)) in 'n grammatikale konstruksie
- die verskillende grade van vestiging van 'n grammatikale konstruksie

In hierdie artikel word hierdie vier kognitiewe vermoëns, soos wat dit noodsaaklik is vir die beskrywing van morfologiese (en ander) konstruksieskemas, verduidelik. Aangesien hier spesifiek gefokus word op taalkundige beskrywings, word die algemene kognitiewe manifesterings van hierdie vermoëns nie hier bespreek nie; vir uitgebreide verduidelikings van hierdie konsepte, vergelyk Van Huyssteen (2000; 2002), asook onder andere Langacker (1988a) en Taylor (2002).

Komposisie

Met betrekking tot taal kan 'komposisie' gedefinieer word as die integrering van twee of meer eenvoudige komponentstrukture om 'n komplekse komposisiestrukture te vorm. 'n Siening van gedeeltelike komposisionaaliteit ('partial compositionality') word binne hierdie beskrywingsmodel gehandhaaf, aangesien 'n komposisiestrukture 'n eenheid in eie reg is wat nie gewoon gereduseer kan word tot die som van die komponente nie (Langacker, 1997: 247–248; 1999a: 94). In haar boek *Constructions* meen Adele Goldberg (1995: 16) dat die betekenis van 'n komplekse uitdrukking die resultaat is van die integrering van die

betekenisse van die leksikale items in die betekenis van grammatikale konstruksies. Dit sluit volkome aan by Langacker (1987: 277) se opinie dat die term 'grammatikale konstruksie' nie net verwys na die komponentstrukture en die komposisiestrukture nie, maar juis ook na die manier waarop die komponentstrukture integreer om die komposisiestrukture te vorm en die besondere verhouding tussen die verskillende strukture (sien die afdeling 'n Kognitiewe gebruiksgestuurde beskrywingsmodel' hierbo).

Wanneer 'n bepaalde grammatikale konstruksie beskryf word, moet dus nie net na die komponentstrukture en die komposisiestrukture gekyk word nie, maar juis ook na die manier waarop die komponentstrukture integreer om die komposisiestrukture te vorm, asook na die besondere verhouding tussen die verskillende strukture (Langacker, 1987: 277). Dit impliseer 'n holistiese beskouing van grammatikale konstruksies as gestalstrukture. Sodanige integrasie van komponentstrukture in komposisiestrukture kan voorgestel word as $[[A][B]]_C$, waar [A] en [B] die komponentstrukture is en C die komposisiestrukture. Die voorbeeld van 'seingranaat' hierbo kan dan meer akkuraat voorgestel word as $[[sein/VASGESTELDE TEKEN] [granaat/HANDBOM]]_{seingranaat/HANDBOM}$

WAARMEE VASGESTELDE TEKENS GESTUUR WORD

Ter wille van leesbaarheid (en afhange van die doel en detail van die beskrywing) kan dit slegs as $[[[SEIN] [GRANAAT]]]_{SEINGRANAAT}$ voorgestel word, waar [SEIN], [GRANAAT] en [SEINGRANAAT] simbolies gebruik word vir die konseptuele betekenisse van onderskeidelik [sein], [granaat] en [seingranaat]. 'n Verdere skryfkonvensie wat gebruik word is die onderskeid tussen vierkantige en ronde hakies: vierkantige hakies word gebruik om gekonvensionaliseerde eenhede aan te dui, terwyl ongekende ('novel') strukture met ronde hakies aangedui word. So byvoorbeeld sal die ongekende kompositum 'seinsisteem' voorgestel word as $([SEIN] [SISTEEM])_{SEINSISTEEM}$ om aan te toon dat (SEINSISTEEM) 'n ongekonvensionaliseerde komposisiestrukture is wat gevorm word wanneer die twee komponentstrukture integreer. Wanneer 'n bepaalde konstruksie beskryf word, moet ons met betrekking tot komposisie dus vra: 'Hoe word 'n bepaalde konstruksie gevorm?'. Om hierdie vraag na bevrediging te beantwoord,

moet die potensiaal van 'n bepaalde komponentstruktuur om met ander komponentstrukture te verbind en die wyse waarop sodanige komponentstrukture sal verbind, ondersoek word. Taylor (2002: 328–329) verwys hierna as die kieskeurigheid ('choosi-ness') teenoor promiskuiteit ('promiscuity') van 'n bepaalde komponentstruktuur: hoe meer promiskueus 'n komponentstruktuur is, hoe makliker sal dit met ('n groter verskeidenheid) ander komponentstrukture verbind om komplekse komposisiestrukture te vorm (Taylor, 2002: 266).

Hierdie potensiaal van komponentstrukture om te verbind in 'n komplekse komposisiestruktuur word bepaal deur die valensiepotensiaal ('valence potential' — oftewel kombinatoriese potensiaal) van die onderskeie komponentstrukture (Langacker, 1987: 277; 1988b; 1991b: 167). So byvoorbeeld het stamme groter valensiepotensiaal as affikse, aangesien stamme makliker met 'n groter verskeidenheid komponentstrukture (byvoorbeeld ander stamme, valensiemorfeme en affikse) verbind as affikse (wat slegs met stamme en ander komplekse woorde verbind). Ons kan dus sê dat stamme meer promiskueus is as affikse (wat selfs kieskeurig is oor die tipe stamme waarmee dit verbind — vergelyk byvoorbeeld die suffiks '-aan' wat slegs met eiename verbind, soos in 'Lutheraan' en 'Meksikaan'; (Combrink, 1990: 39)).

Die valensieverhouding tussen die verskillende gekombineerde elemente word in hierdie beskrywingsmodel aan die hand van vier valensiefaktore beskryf, naamlik:

- ooreenkoms ('correspondence')
- konstruksieprofiling ('construction profiling')
- konseptuele en fonologiese afhanklikheid en onafhanklikheid ('conceptual and phonological dependence and autonomy')
- konstituering ('constituency')

Met betrekking tot ooreenkoms moet die ooreenkoms tussen die substrukture van die onderskeie komponentstrukture geïdentifiseer word, aangesien die ooreenkoms dien as instruksies vir die superimponering van die spesifikasies van ooreenstemmende substrukture om saam te smelt in 'n komposisiestruktuur. Hierdie ooreenkoms kan op sowel die fonologiese as semantiese pool gevind word. Vergelyk byvoorbeeld die ooreenkoms tussen [KAT] en [KOS], soos dit verbind in die

kompositum 'katkos', waar die ooreenkoms gesetel is in ons ensiklopediese kennis dat katte wel kos eet. 'n Kompositum soos 'katrasper', daarenteen, kom enigszins vreemd voor, aangesien die ooreenkoms tussen [KAT] en [RASPER] nie noodwendig voor die hand liggend is nie. In gevalle soos 'kasaterwater' en 'woertswarts' is die ooreenkoms duidelik nie op die semantiese pool nie (beide [kasater] en [warts] se semantiese pole is ongespesifiseer), maar eerder op die fonologiese pool (d.i. klankooreenkoms, rym, ensovoorts).

In die tweede plek moet met betrekking tot konstruksieprofiling gekyk word na die proses waardeur die komposisiestruktuur se profiel bepaal word wanneer twee komponentstrukture verbind. Ons kan sodanige konstruksieprofiling beskryf aan die hand van twee aspekte, naamlik profielbepaaldheid ('profile determinacy') en ontleedbaarheid ('analyzability') (Langacker, 1987: 288). Aangesien die komposisiestruktuur gewoonlik tot 'n mindere of meerdere mate die profiel van een van die komponentstrukture erf, moet ons rekenskap gee van die mate waartoe die profiel van 'n komponentstruktuur aangeneem word as die profiel van die komposisiestruktuur. As 'n algemene riglyn kan ons sê dat die profieldeterminant prototipies ook die kern van 'n bepaalde komposisiekonstruksie is (bv. in die kompositum 'koekskoppie' is 'skoppie' dus die profieldeterminant/kern). Ook moet ons die bydrae wat elke komponent maak in die saamgestelde konseptualisering identifiseer (Langacker, 1987: 292), aangesien die betekenis van 'n saamgestelde uitdrukking meestal nie bloot die som is van die betekenis van die komponente van die komposisiestruktuur nie. Dit is dus belangrik om aan die hand van die ontleedbaarheid van 'n bepaalde komposisiestruktuur die komposisionele pad te beskryf wat tot stand kom. Hierdie komposisionele pad kan geskied hetsy deur direkte simbolisering (byvoorbeeld 'sout' of 'skalpel'), of deur die integrering van verskillende komponentstrukture (byvoorbeeld 'Natriumchloried' of 'sjirurgiemes'). Die grammatikale konstruksie wat 'n spreker kies om hom/haarself uit te druk, kan dus lei tot genuanseerde betekenisverskille (impliserend dat daar, binne konteks, genuanseerde verskille kan wees tussen byvoorbeeld 'welwillendheidsgebaar' en 'gebaar van welwillendheid'; vergelyk ook Langacker (1991b: 127, 171)).

In die derde plek moet 'n onderskeid getref word tussen 'afhanklike' en 'onafhanklike elemente'. Binne 'n bepaalde struktuur kan 'n substruktuur intern verwys na 'n ander struktuur, wat beteken dat die betrokke struktuur as 'n afhanklike element beskou word (of as geen interne verwysing na 'n ander vooronderstelde struktuur gemaak word nie, word dit beskou as 'n onafhanklike element) (Langacker, 1987: 300). Sodanige ongelykheid van strukture word A/O-asimmetrie genoem. In die eegwoord-reduplikasie 'ietsie-bietsie' is 'ietsie' byvoorbeeld die onafhanklike struktuur, aangesien dit losstaande en alleen gebruik kan word; '-bietsie' daarenteen is 'n afhanklike element wat intern verwysing maak na 'ietsie' en gevolglik nie onafhanklik gebruik kan word nie. Insgelyks is stamme meestal onafhanklike strukture, terwyl affikse afhanklike strukture is.

In die karakterisering van 'n bepaalde komposisie moet ons dus die mate van semantiese en/of fonologiese afhanklikheid van die onderskeie komponentstrukture bepaal. Ons moet bepaal watter substruktuur van die komposisiestruktuur is 'markant' ('salient'), en of hierdie markante substruktuur deur 'n ander struktuur 'uitgebrei' ('elaborate') word.

Die markantheid van 'n gegewe substruktuur word gebaseer op twee faktore, te wete die graad van sentraliteit ('degree of centrality') en die waarskynlikheid van aktivering ('probability of activation'). Die sentraliteit van 'n substruktuur word beskryf in terme van die gekonvensionaliseerdheid van die substruktuur, of die substruktuur generies is, en of dit intrinsiek aan en karakteriserend van die konsep is (Langacker, 1987: 159). In 'n kompositum soos 'boekrak' byvoorbeeld, is die komponentstruktuur [RAK] meer markant as [BOEK], aangesien dit intrinsiek aan en karakteriserend van die konsep [[BOEK] [RAK]] is (d.i. 'n boekrak is en bly 'n [RAK], al word dit vir wyn, glase, ornamente, ensovoorts gebruik). In 'n ander voorbeeld, 'tachisme', sal die suffiks [-isme] byvoorbeeld meer gekonvensionaliseerd en generies wees as die ander deel van die woord, [tach-]. Iemand wat die woord 'tachisme' nie ken nie, sal waarskynlik steeds kan aflei dat dit oor 'n bepaalde handelswyse/denkskool gaan, aangesien die suffiks [-isme] 'n 'taamlik produktiewe agtervoegsel (is wat gebruik word) om benamings te vorm vir ... handels- of gedragswyses wat kenmerkend is

vir bepaalde dinge of persone' (Odendal & Gouws, 2000). Op grond hiervan sou 'n mens kon sê dat [-isme] dus meer markant is as [tach-], aangesien dit 'n hoër graad van sentraliteit het.

'n Substruktuur wat meer waarskynlik geaktiveer word binne 'n bepaalde struktuur, geniet uiteraard ook groter prominensie en moet dus geïdentifiseer word (Langacker, 1991b: 189–201). So byvoorbeeld bepaal faktore soos 'geheel' vs 'deel', 'lewendig' vs 'leweloos' ensovoorts, die markantheid van 'n substruktuur en moet uiteraard ook binne die konteks waarin die bepaalde substruktuur gebruik word, in berekening gebring word. In eksosentriese komposita (byvoorbeeld [[MAAN] [HAAR]]_{LEEU}) is die 'deel' byvoorbeeld meer prominent (d.i. tipies en kenmerkend) as die 'geheel', terwyl beide substrukture in aaneenskakelende komposita (byvoorbeeld [[STOM] [VERBAAS]]_{STOMVERBAAS}) 'n gelyke waarskynlikheid van aktivering het.

Wanneer die markante struktuur/substruktuur geïdentifiseer is, moet ook bepaal word of hierdie struktuur deur 'n ander struktuur uitgebrei word (d.i. die uitbreidingsterrein wat met meer presisie en volledigheid voorgestel word). Sodanige uitbreiding geskied in ooreenstemming met die spesifikasies van die skema en toon gevolglik nie afwyking van die skema nie. In die voorbeeld hierbo, word [-ISME] byvoorbeeld uitgebrei deur [TACH-], deurdat [TACH-] die kenmerkende handelswyse spesifiseer (d.i. die aanbring van onreëlmatige kolle en spatsels op 'n skilderdoek, soos dit kenmerkend gebruik is in 'n Franse skilderbeweging van die 1950s). Hierdie uitbreiding geskied in ooreenstemming met die spesifikasies van die skema, deurdat die [-ISME] altyd uitgebrei word deur 'n voorafgaande komponentstruktuur (vergelyk byvoorbeeld [[VANDAAL] [-ISME]]_{HANDELSWYSE KENMERKEND VAN VANDALE} of [[KANNIBAAL] [-SME]]_{HANDELSWYSE KENMERKEND VAN KANNIBALE}).

In die laaste instansie moet die konstituering van 'n bepaalde komposisie beskryf word (d.i. die volgorde waarin komponentstrukture met mekaar verbind om progressief meer uitgebreide komposisietrukture te vorm — Langacker (1987: 313)). Konstituente in 'n komplekse komposisie kan sowel ongekennde strukture as strukture met eenheidstatus (d.i. gekonvensionaliseerde eenhede; sien die

afdeling 'Vestiging' hieronder) wees, en dit is slegs belangrik om aan te dui in watter volgorde konstituering plaasvind. In die kompositum 'geeloorbosluis' verbind [OOR] eerste met [BOSLUIS] (wat reeds op 'n laer konstitueringsvlak verbind het) om die kern van die kompositum te vorm, waarna dit verder uitgebrei word met die bepaler [GEEL] (d.i. dit is 'n oorbosluis wat geel is). In die kompositum 'rooipootbosluis', daarenteen, verbind [ROOI] en [POOT] op dieselfde konstitueringsvlak as [BOS] en [LUIS], sodat [BOSLUIS] die kern is wat uitgebrei word deur [ROOIPOOT] (d.i. 'n bosluis met rooi pote, en nie 'n pootbosluis wat rooi is nie).

Visueel kan dié twee woorde soos in Figuur 1 voorgestel word, waar vierkanthakies aandui dat 'n struktuur eenheidstatus het, terwyl ronde hakies aandui dat dit nie eenheidstatus het nie, waar dubbelhakies die profieldeterminant aandui, en waar die pyltjies van die afhanklike strukture na die onafhanklike strukture wys wat dit uitbrei.

Wanneer ons beskryf hoe 'n bepaalde grammatikale konstruksie (byvoorbeeld die meervoudkonstruksie) gevorm word, moet ons dus die strukture en substrukture van die komposisiestrukture in terme van hierdie vier valensiefaktore bespreek en analiseer. Dusdanig verkry ons dan 'n duidelike beeld van hoe twee of meer komponentstrukture integreer om 'n komplekse komposisiestrukture te vorm.

Kategorisering

Volgens Kognitiewe Linguistiek vorm taalkundige kategorieë (beide leksikale én grammatikale kategorieë) komplekse netwerke.


Sodanige netwerke moet dus ook binne hierdie grammatikale beskrywingsmodel omvattende aandag geniet. Die essensiële vraag wat beantwoord moet word, kan soos volg gestel word: 'Hoe lyk die kategoriseringsnetwerk van die grammatikale konstruksie?'

'n Netwerk van 'n bepaalde grammatikale konstruksie bestaan uit taalkundige strukture van enige soort, grootte of spesifisiteit (Langacker, 1995), wat meestal semanties /konseptueel gemotiveerd is (Langacker, 1998: 17–18). Binne so 'n netwerk kan 'n bepaalde aktiveringstel geïdentifiseer word op grond waarvan die semantiese/konseptuele invoer van die konstruksie gekarakteriseer kan word. Dit is dus die taak van die taalkundige om hierdie aktiveringstel te beskryf.

Daar is basies twee maniere waarop hierdie aktiveringstel voorgestel kan word, te wete as:

- 'n radiale netwerk (waar kategorisering via prototipes sentraal staan)
- 'n taksonomiese netwerk (waar kategorisering via skemas die fokus is)

Hierdie twee maniere van voorstelling kan moeiteloos gekombineer word in 'n enkele voorstelling, aangesien dit nie voorstellings van verskillende netwerke is nie, maar gewoon verskillende perspektiewe op dieselfde kategoriseringstel (Van Huyssteen, 2002). Met die oog op hierdie tipe gekombineerde voorstelling, kan uitbreidings- en verlengings-verhoudings, prototipes en 'superskemas' in een diagram uitgebeeld word. Vergelyk byvoorbeeld Figuur 2, wat 'n voorstelling is van 'n gedeelte van die konstruksienetwerk van die meervoudkonstruksie in Afrikaans. In dié figuur word uitbrei-



Figuur 1: 'Geeloorbosluis' en 'rooipootbosluis'

dingsverhoudings aangedui met 'n lynpyl en verlengingsverhoudings met 'n stippelpyl; instansiërings wat meer prototipies is, word met 'n swaarder omlyning aangedui; ooreenkomste word met 'n stippellyn aangedui.

Aangesien van die standpunt uitgegaan word dat simboliese strukture beskryf word, is hierdie kategoriseringsnetwerke in essensie bipolêre netwerke, waar nie net die sistematiek op die fonologiese pool beskryf moet word nie, maar ook die konseptuele invoer van die bepaalde konstruksie (d.i. MEERVOUD). Ook word 'n aanduiding gegee van die relatiewe prototipisiteit van die verskillende instansiërings: meervoud wat aangedui word met behulp van 'n [-e] soos in [merke], of 'n [-s] soos in [lepel] is meer prototipies as byvoorbeeld dié met die afkappings -s en afkappings -e, wat weer meer prototipies is as byvoorbeeld gevalle wat [-ers] neem, soos in [kinders]. In die kategoriseringsnetwerk in Figuur 2 word dié onderskeid aangedui met behulp van verskillende omlyningsdiktes van die blokkies.

Dit is egter nie net die sistematiese en skematiese aspekte van 'n bepaalde konstruksie wat in sodanige netwerke verreken kan word nie: ook daardie aspekte van die konstruksie wat meer arbitrêr is (byvoorbeeld uitsonderings), of daardie aspekte wat goed gevestig is (byvoorbeeld spesifieke uitdrukkings), kan in die netwerk geakkom-modeer word. In Figuur 2 word die uitsonderings in die Afrikaanse meervoud-konstruksie as spesifieke instansiërings gelys (byvoorbeeld 'vroue/vrouens', 'paaie', 'hemde', 'sambrele', 'seuns' en 'leeus'). Dusdanig word 'n totale, maksimalistiese beeld van 'n bepaalde konstruksie gegee, sonder om die konstruksie te probeer reduceer tot 'n vereenvoudiging wat niksseggend is. Die omvattendheid van die netwerk geskied egter nie ten koste van veralgemenings nie, aangesien veralgemenings juis opgesluit is in die hoëvlak-skemas (Langacker, 1998: 24).

Sodanige netwerke dien dan ook as kategoriseringstruktuur waarteen die wel- of niefgevormdheid van ongekende uitdrukkings bepaal kan word. Indien die betrokke netwerk gekies word as die aktiveringstel waarbinne 'n bepaalde ongekende uitdrukking gekategoriseer moet word, moet die betrokke uitdrukking aan alle spesifikasies van die aktiveringstel voldoen om as welgevormd beskou te word. Die betrokke uitdrukking word dus gesien as 'n uitbreiding van die skema van die betrokke

konstruksie. Indien daar nie aan alle spesifikasies voldoen word nie, kan die uitdrukking gesien word as 'n verlenging van die kategoriseringsnetwerk, en sal dit waarskynlik as minder welgevormd (of selfs as niefgevormd) beoordeel word.


Ook is dit myns insiens nodig om die domeine van instansiëring ('instantiation domains') in die netwerk weer te gee (of ten minste in ag te neem). In Engels het die suffiks [-s] byvoorbeeld 'n effek in die ruimtedomein wanneer dit verbind met 'n aansyn (byvoorbeeld in [BOY-S]), terwyl dit effek het in die kwaliteitdomein wanneer dit verbind met 'n proses (byvoorbeeld in [SLEEP-S]). Wanneer die komplekse netwerk van die Engelse [s]-suffiks dus beskryf word, moet daar ook rekenskap gegee word van die bepaalde domein waarin die konstruksie effek het.

Om sodanige komplekse netwerke van konstruksies op te stel, is uiteraard nie 'n maklike en eenvoudige taak nie, juis aangesien 'n maksimalistiese benadering gevolg word (vergelyk die komplekse netwerk vir reduplikasie in Nawatl (Tuggy, 1999) en in Afrikaans (Van Huyssteen, 2000; met Conradie (2004) se uitbreidings daarop), asook die netwerk vir verkleining in Afrikaans (Coetzee & Kruger, 2004)). Dit gebeur daarom meestal dat slegs die semantiese pool van 'n bepaalde konstruksie beskryf word, terwyl die fonologiese pool minder aandag geniet. Sodanige uitsluiting van die fonologiese pool impliseer egter nie dat dit minder belangrik is nie, maar reflekteer slegs die besondere belangstelling of fokus van die bepaalde navorsing.

Skematisering

Skemas word geëkstraheer deur die sistematiese selektering van gemeenskaplike aspekte wat die geheel verteenwoordig, terwyl enige ander afwykende aspekte geïgnoreer word (Kreitzer, 1997; Talmy, 1983: 225). Konstruksieskemas ('construction schemas', as tipe skema) word teen hierdie agtergrond gesien as veralgemenings van 'n reeks gebruiksepisodes ('usage events') en dien as template vir die konstruering en evaluering van ongekende uitdrukkings. Met betrekking tot grammatikale konstruksies moet die volgende vraag beantwoord word: 'Kan 'n konstruksieskema of subkonstruksieskemas geëkstraheer word uit die kategoriseringsnetwerk?'

Aan die hand van twee parameters, te wete algemeenheid ('generality') en produktiwiteit



Figuur 2: 'n Gedeelte van die konstruksienetwerk van die meervoudkonstruksie

(‘productivity’), kan ons die graad van reëlmatigheid vir die vorming van konstruksieskemas beskryf. Ten aansien van algemeenheid moet ons beskryf tot watter mate ’n bepaalde konstruksieskema ’n reeks uitdrukkings karakteriseer (d.i. hoe meer uitdrukkings, hoe meer algemeen die konstruksieskema). Die skema [ENTITEIT-SUFFIKS] is byvoorbeeld meer algemeen (minder gespesifiseer) as die skema [AANSYN-MV], aangesien eersgenoemde skema veel meer uitdrukkings kan karakteriseer as laasgenoemde skema en dus voorsiening maak vir die konstruering van ’n groter aantal uitdrukkings. Hiermee word egter nie geïmpliseer dat algemeenheid ’n vereiste is vir konstruksieskemas nie. Om die waarheid te sê: in terme van die ‘bottom-up’ benadering wat in hierdie beskrywingsmodel gevolg word (vergelyk Van Huyssteen (2002)), is skemas wat as minder algemeen geformuleer word belangriker vir taalstruktuur as hoëvlakskemas wat wye veralgemenings verteenwoordig (Langacker, 1999a: 92–93). Die komponente in ’n konstruksieskema kan dus op enige vlak van spesifisiteit gekarakteriseer word, selfs as ’n spesifieke leksikale item. Die potensiele reikwydte van ’n konstruksieskema word egter wel bepaal deur algemeenheid, en die taalkundige moet poog om ’n skema te formuleer wat sodanig algemeen is dat dit voorsiening maak vir soveel uitdrukkings moontlik, sonder dat dit te algemeen is (en dus voorsiening maak vir uitdrukkings wat nie in die konstruksieskema hoort nie).

Ten opsigte van produktiwiteit moet bepaal word tot watter mate ’n konstruksieskema beskikbaar is vir die sanksionering van ongekende uitdrukkings. Hoe groter die waarskynlikheid dat ’n bepaalde konstruksieskema

gebruik sal word as die aktiewe struktuur binne die aktiveringstel, hoe hoër die vlak van produktiwiteit van die konstruksieskema. Die konstruksieskema [x-e/X-MV] is byvoorbeeld meer produktief as die konstruksieskema [x-ci/X-MV], aangesien die meervoud van ’n ongekende uitdrukking waarskynlik eerder deur eersgenoemde as deur laasgenoemde konstruksieskema gevorm sal word. Hoewel die konstruksieskema [x-ci/X-MV] wel ’n bestaande skema is, kan dit hoogs waarskynlik nie binne die aktiveringstel suksesvol kompeteer vir selektering nie, aangesien dit nie eintlik toegepas kan word op ander data as die data waaruit dit geëkstraheer is nie.

Algemeenheid en produktiwiteit is wel nou verbonde aan mekaar, maar is nie presies dieselfde nie. ’n Konstruksieskema wat byvoorbeeld nie ’n hoë vlak van algemeenheid het nie (wat byvoorbeeld net van toepassing is op ’n beperkte kategorie woorde), kan hoogs produktief wees (van toepassing op alle lede van daardie bepaalde kategorie). Vergelyk byvoorbeeld die afkappings ‘-s’ wat meervoud aandui in Afrikaans: dié morfeem is relatief nie besonder produktief nie, maar word wel gebruik by alle woorde wat op die klinkers ‘i’, ‘o’, ‘u’ en ’n beklemtoonde ‘a’ eindig (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2002: 27–28).

As daar dus in ’n stel data bepaalde reëlmatighede geïdentifiseer kan word wat ’n algemene en produktiewe patroon vorm, kan ons sê dat daar sprake is van ’n konstruksieskema. Sodanige konstruksieskema (en verbandhoudende subkonstruksieskemas) dien as basis vir oordele oor die welgevormdheid van ongekende uitdrukkings. Indien ’n ongekende uitdrukking gekategoriseer kan word as ’n uitbreiding van die konstruksieskema, word sodanige uitdrukking as welgevoemd beskou.

Om saam te vat: nadat ’n bepaalde kategoriseringsnetwerk vir ’n bepaalde stel data beskryf is, moet ons bepaal of daar ’n konstruksieskema of subkonstruksieskemas uit hierdie netwerk gepostuleer kan word. Dit word gedoen deur te bepaal tot watter mate ’n bepaalde konstruksieskema ’n reeks uitdrukkings karakteriseer en tot watter mate ’n konstruksieskema beskikbaar is vir die sanksionering van ongekende uitdrukkings. Indien ons kan aantoon dat ’n bepaalde hipotetiese konstruksieskema genoegsaam algemeen en produktief is, kan ons sê dat dit inderdaad ’n konstruksieskema is.

Vestiging

In die laaste instansie moet ons die volgende vraag beantwoord: 'Tot watter mate is die konstruksieskema gevestig?'. Die mate van vestiging van 'n konstruksie kan beskryf word as die vermoë van die konstruksie om maklik geaktiveer en uitgevoer te word in die vorming en karakterisering van beide gekonvensionaliseerde en ongekennde uitdrukkings. Om die graad van vestiging van 'n bepaalde konstruksie te beskryf, moet ons dus bepaal of die konstruksieskema eenheidstatus het (Langacker, 1987: 100). Indien 'n bepaalde konstruksieskema outomaties en sonder konstruksieinspanning as 'n geïntegreerde geheel geaktiveer kan word, kan ons sê dat die konstruksieskema eenheidstatus het.

Let wel dat vestiging 'n kwessie van graad is, en dat daar dus geen klinkklare onderskeid is tussen ongekennde strukture en strukture met eenheidstatus nie (Langacker, 1999a: 100). Voorgestelde grense tussen ongekennde strukture en strukture met eenheidstatus kan voortdurend verwissel, aangesien die herhaaldelike gebruik van 'n struktuur die eenheidstatus van daardie struktuur versterk, terwyl 'n struktuur wat in onbruik verval die teenoorgestelde effek het. Selfs wanneer 'n struktuur vir die eerste keer gebruik word, beweeg dit in 'n rigting van vestiging en konvensionalisering, aangesien 'n spoor by ten minste een lid van die bepaalde taalgemeenskap gelaat word. Wanneer sodanige ongekennde struktuur 'n tweede keer gebruik word, word dit dus makliker geaktiveer as die eerste keer en geniet dit alreeds 'n hoër mate van vestiging. Sou die struktuur herhaaldelik gebruik word totdat dit outomaties en sonder bewustelike oorweging geaktiveer kan word, kan ons sê dat dit eenheidstatus het (en dus 'n hoë graad van vestiging het).

Ons kan die eenheidstatus van 'n bepaalde struktuur meet aan die hand van twee kriteria, te wete sentraliteit en linguistiese belangrikheid. Met betrekking tot sentraliteit is gekonvensionaliseerdheid 'n belangrike faktor wat die sentraliteit van 'n struktuur bepaal. Die gekonvensionaliseerdheid van 'n struktuur kan op vele maniere bepaal word. 'n Bepaalde struktuur se lemmastatus in 'n handwoordeboek sou byvoorbeeld as algemene riglyn kon dien om te beoordeel of 'n struktuur eenheidstatus het, aangesien 'n belangrike opnamekriterium vir handwoordeboeke juis gebruiksfrekwensie (en

du gekonvensionaliseerdheid) is. 'n Ander aanduiding sou kon wees die mate waartoe 'n bepaalde konstruksie aandag geniet in taalkundige beskrywings. Indien 'n bepaalde konstruksie byvoorbeeld algemeen bespreek word in verskillende grammatikas van 'n taal, kan ons ook met redelike sekerheid aanneem dat dit deur (gespesialiseerde) taalgebruikers as 'n gekonvensionaliseerde konstruksie beskou word.

Die linguistiese belangrikheid van 'n struktuur kan bepaal word deur te kyk na watter struktuur 'n spreker die waarskynlikste sal kies om 'n sekere betekenis te aktiveer, of andersyds watter konsep/betekenis die waarskynlikste geaktiveer sal word deur 'n bepaalde fonologiese struktuur. Weereens sou handwoordeboeke vir hierdie doel ingespan kon word, aangesien 'n handwoordeboek meestal 'n goeie beeld van die bestaande betekenis van 'n bepaalde struktuur gee, asook van die dominansie van betekenisonderskeidings.

Die metodes wat ek so pas genoem het waarmee die sentraliteit en linguistiese belangrikheid van 'n struktuur bepaal kan word, is uiteraard slegs voorbeelde van toetse wat gebruik kan word. 'n Legio van ander moontlikhede kan gebruik en ondersoek word, soos byvoorbeeld psigolinguistiese toetse of korpusbeskrywings. In die geval van tale waar daar geen algemeen toeganklike korpus bestaan nie (soos byvoorbeeld in die geval van Afrikaans), moet dikwels gesteun word op die oordeel van ander taalkundiges (soos byvoorbeeld leksikografe, wat frekwensie gebruik as 'n opnamekriteria in die samestelling van handwoordeboeke).

Werkstrategie

Aan die begin van hierdie afdeling het ek dit duidelik gestel dat die onderskeie kognitiewe vermoëns wat hier bespreek word nie as afsonderlik gesien moet word nie, maar juis as geïntegreerde deel van die mens se algemene kognitiewe vermoë beskou moet word. Die fout moet dus nie gemaak word om hierdie vermoëns en prosesse kompartementalisties te benader nie, maar juis om dit as 'n geheel te beskou waaruit ons vermoë tot taalgebruik spruit.

Deur hierdie kognitiewe vermoëns egter apart te bespreek, bied dit 'n struktuur waarbinne 'n taalkundige beskrywing van 'n bepaalde

grammatikale konstruksie gemaak kan word. Die werkstrategie in hierdie gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel kan soos volg opgesom word:

- Stap 1: die taalkundige merk uit 'n aantal gebruiksepisodes (data) dat daar moontlik sprake kan wees van 'n grammatikale konstruksie, aangesien hy/sy bepaalde algemene patrone of frekwente uitdrukkings raaksien. Dit dien as stimulus vir die voor-genome taalkundige ondersoek
- Stap 2: hy/sy samel vervolgens gebruiksgebaseerde data in, wat hy/sy dan kategoriseer om bepaalde algemene/frek-wente patrone (asook uitsonderings) te identifiseer
- Stap 3: hy/sy moet dan sodanige algemene/frek-wente patrone analiseer om te bepaal wat die wyse van komposisie van die grammatikale konstruksie sou kon wees. Daar word gekyk na die ooreenkomste tussen komponentstrukture, die profielbepaaldheid, ontleedbaarheid, makantheid en uitbreidingsmoontlikheid van die strukture, asook die volgorde waarin die strukture met mekaar verbind. Die taalkundige begin reeds hier om konstruksieskemas en subkonstruksieskemas (d.i. 'reëls') saam te stel, soos wat hy/sy dit uit die patrone merk
- Stap 4: daarna beskryf hy/sy die kategoriseringsnetwerk wat verantwoordelik sou kon wees vir die kategorisering van die grammatikale konstruksie. 'n Komplekse netwerk van uitbreidings- en verlengingsverhoudings tussen verskillende nodes op die semantiese en/of fonologiese pool moet dus gepostuleer word
- Stap 5: uit genoemde kategoriseringsnetwerk probeer hy/sy vervolgens om algemene en produktiewe konstruksie-skemas en subkonstruksieskemas te identifiseer, wat kan dien as norm vir 'n oordeel oor die welgevormdheid van ongekende uitdrukkings
- Stap 6: in die laaste instansie moet hy/sy dan bepaal tot watter mate die onderhawige grammatikale konstruksie gevestig is deur 'n beskrywing te gee van die sentraliteit en linguistiese belangrikheid van die bepaalde konstruksie

Slot

Indien bostaande werkstrategie gevolg word, kan ons daarop aanspraak maak dat 'n

psigologiesreële en konseptueel eenvormige beskrywing van 'n grammatikale konstruksie gegee is. Weens die omvattendheid van sodanige beskrywing is dit uiteraard selde prakties moontlik om in 'n enkele navorsingstuk (byvoorbeeld 'n hoofstuk in 'n boek, 'n navorsingsartikel of selfs 'n verhandeling of proefskrif) aan alle fasette in diepte aandag te skenk, veral as daar ook nog aandag bestee moet word aan die diachroniese en sosiolinguistiese aspekte van die onderhawige fenomeen. Die navorser sal dus 'n keuse moet maak tussen 'n horisontale beskrywing waar redelik oppervlakkig aan alle aspekte aandag gegee word, of 'n vertikale beskrywing waar in diepte gefokus word op geselekteerde aspekte. Dis egter alleen wanneer alle fasette in diepte beskryf is dat aanspraak gemaak kan word op 'n volledige beskrywing van 'n bepaalde grammatikale konstruksie.

Notas

- ¹ Hierdie artikel spruit voort uit werk wat ek vir my PhD-proefskrif gedoen het. Erkenning word hiermee gegee aan my promotors, proff. Daan Wissing, Arie Verhagen en Adelia Carstens, vir hulle insette. Dank ook aan Sulené Pilon, vir haar voortgesette kritiese vrae en insigte, asook vir kommentaar op vroeëre weergawes van dié artikel. Uiteraard bly alle mistastings dié van my.
- ² Ter wille van eenvormigheid word betekenissover moontlik baseer op *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Labuschagne & Eksteen, 1993), of andersins aangevul uit *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Odendal & Gouws, 2000).

Summary

In this article, aspects of a cognitive usage-based descriptive framework for Afrikaans grammar are spelled out in detail, with the aim of setting the agenda for the description of Afrikaans morphological (and other) constructions. Constructs and terms from cognitive grammar which are necessary for the description of such constructions are explicated and illustrated, using examples from Afrikaans morphology.

The article begins with a broad overview of Cognitive Grammar, where some of the central notions of the theory/framework are explicated. It is indicated that Langacker (1999a) identifies

five general cognitive processes that are central to the description of linguistic structure: symbolisation, composition, categorisation, schematisation and entrenchment. By describing grammatical constructions (i.e. complex symbolic units, formed through the syntagmatic combination of morphemes and/or larger units) in terms of these basic cognitive mechanisms, one provides descriptions that are natural and psychologically plausible. This article focusses only on the latter four of the abovementioned cognitive processes.

With regard to composition, it is shown that the question 'How is a certain construction formed?' must be answered, with specific reference to correspondence, profile determinacy, conceptual and phonological autonomy and dependence, and constituency. It is argued that these four factors influence the valence potential of component structures to combine in ever-increasing complex composite structures, as is evident in Afrikaans morphological constructions. Various examples from a variety of phenomena are used to explain the different notions.

It is argued that the essential question that must be answered pertaining to categorisation is the question 'what does the categorisation network of the construction look like?'. For this purpose, the categorisation network of a certain construction must be postulated, which can be represented as either a radial network (focussing on the prototypicality of category members), or as a taxonomic network (showing relationships of elaboration and extension). A combination of these two networks is illustrated by means of a simplified categorisation network of the Afrikaans plural construction.

Subsequently, it is illustrated that the question 'can a construction schema or subschemas be extracted from the categorisation network?' should be answered, referring to the generality and productivity of the construction schema. By using two parameters — generality and productivity — one can describe the degrees of regularity of a given construction, and in the process determine whether a productive sanctioning construction schema can be identified. Examples from Afrikaans plural construction are used once again to illustrate these notions.

Lastly, it is shown that the question 'how entrenched is the construction schema?' should be answered, using two criteria: centrality and linguistic importance. If a certain construction schema can be activated automatically and without much cognitive effort as an integrated whole, it could be said that such a construction schema has unit status. Various strategies to ascertain the centrality and linguistic importance of a structure are discussed, focussing on the important role that dictionaries can play in determining the entrenchment of a construction schema.

This article concludes with a working strategy, which can be seen as a programmatic 'step-by-step' model for the description of grammatical constructions. By following the five indicated steps, and by using true usage-based data, the researcher can gain insight into linguistic structure in a systematic and natural way. It is indicated that such descriptions could be potentially quite lengthy, and careful decisions should be made in establishing the research agenda.

References

- Coetzee AE & Kruger J.** 2004. Die Afrikaanse verkleinwoord 1: 'n Morfo-semantiese grammatika. *Tydskrif vir Taalonderrig* 38(2): 316–332.
- Combrink JGH.** 1990. *Afrikaanse Morfologie*. Pretoria: Academica.
- Conradie CJ.** 2004. Ikonisiteit en Afrikaanse reduplikasie. *Tydskrif vir Taalonderrig* 38(2): 334–348.
- Goldberg AE.** 1995. *Constructions*. Chicago: University of Chicago Press.
- Kreitzer A.** 1997. Multiple levels of schematization: a study in the conceptualization of space. *Cognitive Linguistics* 8(4): 291–325.
- Labuschagne FJ & Eksteen LC.** 1993. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (8th edn). Pretoria: JL van Schaik.
- Langacker RW.** 1987. *Foundations of Cognitive Grammar, Volume 1: Theoretical Prerequisites*. Stanford: Stanford University Press.
- Langacker RW.** 1988a. An overview of Cognitive Grammar. In: Rudzka-Ostyn B (ed)

- Topics in Cognitive Linguistics*. Amsterdam: John Benjamins, pp 3–48.
- Langacker RW.** 1988b. The nature of grammatical valence. In: Rudzka-Ostyn B (ed) *Topics in Cognitive Linguistics*. Amsterdam: John Benjamins, pp 91–125.
- Langacker RW.** 1991a. *Foundations of Cognitive Grammar, Volume 2: Descriptive Application*. Stanford: Stanford University Press.
- Langacker RW.** 1991b. *Concept, Image and Symbol: the Cognitive Basis of Grammar*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Langacker RW.** 1995. Raising and transparency. *Language* 71: 1–62.
- Langacker RW.** 1997. The contextual basis of cognitive semantics. In: Nuyts J & Pederson E (eds) *Language and Conceptualization*. Cambridge: Cambridge University Press, pp 229–252.
- Langacker RW.** 1998. Conceptualization, symbolization and grammar. In: Tomasello M (ed) *The New Psychology of Language: Cognitive and Functional Approaches to Language Structure*. Mahwah: Lawrence Erlbaum, pp 1–39.
- Langacker RW.** 1999a. *Grammar and Conceptualization*. Berlin: Mouton de Gruyter.
- Langacker RW.** 1999b. Assessing the cognitive linguistic enterprise. In: Janssen T & Redeker G (eds) *Cognitive Linguistics: Foundations, Scope and Methodology*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp 13–59.
- Odendal FF & Gouws RH.** 2000. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (4th edn). Midrand: Perskor.
- Seiler H.** 1993. A functional view on prototypes. In: Geiger RA & Rudzka-Ostyn B (eds) *Conceptualizations and Mental Processing in Language*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp 115–139.
- Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns** (samestelling). 2002. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (9th edn). Kaapstad: Pharos Woordeboeke.
- Talmy L.** 1983. How language structures space. In: Pick H & Acredolo L (eds) *Spatial Orientation: Theory, Research and Application*. New York: Plenum Press, pp 225–320.
- Taylor JR.** 2002. *Cognitive Grammar*. Oxford: Oxford University Press.
- Tuggy D.** 1999. Reduplication in Nawatl: iconicities and paradoxes. Paper presented at the 6th International Cognitive Linguistics Conference, University of Stockholm, Sweden, 10–16 July 1999.
- Van Huyssteen GB.** 2000. *Die Reduplikasiekonstruksie in Afrikaans: Enkele Aspekte van 'n Kognitiewe Gebruiksge-baseerde Beskrywingsmodel vir Afrikaans*. PhD-proefskrif. Potchefstroom: PUCHO.
- Van Huyssteen GB.** 2002. Teoretiese vooronderstellings van 'n kognitiewe gebruiksgebaseerde beskrywingsmodel vir die Afrikaanse grammatika. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 20(4): 303–323.

